# Eldo-Gespreksgids

Dis ‘n nuwe kwartaal, ‘n nuwe semester. Mens voel bietjie uitgerus met die wintervakansie wat verby is – vir die wat op vakansie was. Mens is weer reg vir dit wat voorlê. Maar die nuwe kwartaal bring ook sy eie uitdagings. Dis ‘n besige tyd wat voorlê – veral as mens die 4de kwartaal met die eindeksamen en die Desember deadlines ook in ag neem. Mens begin te dink aan alles wat voorlê en alles wat gedoen moet word, en dit voel net so oorweldigend. Dis soos ‘n reus wat voor jou staan wat jy moet aanvat. Baie keer is hierdie reus nie eers werk gebonde of iets wat nou eers die nuwe kwartaal begin nie. Dit is iets wat al lank spook en jy al vir maande, of selfs jare teen baklei, maar voel jy kan dit net nog nie oorwin nie. Hierdie reus kry heeltyd die oorhand.

## 1 Sam. 17

Maar dis in tye soos dié wat ons herinner word aan Dawid wat ook so ‘n reus aangepak het. Hierdie klein skaapwagter seuntjie met ‘n kettie wat die onmoontlik moes doen deur die 3m reus van ‘n Goliat, met 57kg se wapenrusting, ‘n spies en twee swaarde en jare se oorlogervaring te oorwin. Maar tog het hy dit reggekry. Hy het die onmoontlike gedoen. En sy sukses sit opgesluit in twee aspekte.



Eerstens, is dit as gevolg van sy beroep. As skaapwagter het hy teen talle diere en vyande baklei om sy skape op te pas. Daarom was hy ook goed voorbereid vir dit wat hom voorlê. God het hom, die onbekwame, eintlik bekwaam vir dit wat voor hom staan. God het hom voorberei vir sy beroep as soldaat. En net so, het God ons ook voorberei vir die Goliat wat ons moet aanpak. Hy het ons in die verlede voorberei vir die groot vergaderings, besige program, die deadlines of al die opdragte en beplanning wat gedoen moet word. Hy het ons toegerus met die nodige vaardighede en ervaring om die Goliat wat voor ons lê te oorwin – selfs al voel dit nie noodwendig so nie! Soos Dawid, moet ons ook terugkyk na ons verlede. Ons moet terugkyk na die tye waar ons al ‘n soortgelyke Goliat in die gesig gestaar het. En dan moet ons onthou hoe God ons daardeur gehelp het. Hoe God ons gelei het in ons moeilike tye. En dit moet dan vir ons, soos Dawid, self-vertroue gee vir dit wat voorlê. Self-vertroue en moed in die opdragte wat ons moet aanpak in hierdie moeilike semester.

Tweedens, Dawid se grootste wapen was God. Hy het sy vertroue en steun op God gesit. Net so is hierdie God ook aan ons kant. Hierdie God wat groter as Goliat is, is ook groter as *ons* Goliat. Hy is die een wat die geveg vir ons veg. Die een wat ons moed gee. Die een wat ons krag gee om die eerste of volgende tree te neem. Die een na wie ons kan opkyk vir hoop. Die een wat ons troos. En al gaan hierdie Goliat van ons nie dadelik weg nie, haal dit al klaar bietjie die las van mens se skouers af. God is met ons en veg die geveg vir ons. So, vertrou in Sy sorg.

## Gespreksvrae

1. Wat lê vir jou voor in die nuwe kwartaal/semester wat vir jou uitdagend is? Het jy dalk ‘n ander “Goliat” wat jy in die gesig staar?
2. Wat kan ons van Dawid leer in sy geveg teen Goliat?
3. Hoe kan ons herinner word dat God by ons is en ons help in ons uitdagings wat voorlê?

ELDORAIGNE FAMILIEKERK

Hiér maak JY saak